



CARBODAN 10 GR

Reg. No. / Nr. L 7577 Act / Wet No. / Nr. 36 of / van 1947
N-AR 0911

A systemic granule insecticide and nematicide for the control of pests in crops as indicated.	'n Sistemiese korrel insek- en aalwurmdoder vir die beheer van plae in gewasse soos aangedui.
---	---

IRAC INSECTICIDE GROUP CODE	1 A	IRAC INSEKDODER GROEPKODE
-----------------------------	-----	---------------------------

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:

carbofuran (carbamate).....100 g / kg.....karbofuran (karbamaat)

NETT CONTENTS / NETTO INHOUD

.....kg.....

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:

MAKHTESHIM-AGAN SA (Pty) Ltd

Reg No 1992 / 001741 / 07

Box / Bus 498

Brackenfell

7561

Tel: 021 – 982 1460

Fax: 021 – 982 5810

Batch number
Date of manufacture

Lotnommer
Datum van vervaardiging

CARBODAN 10 GR is the registered trade mark of Makhteshim-Agan, Israel
CARBODAN 10 GR is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan, Israel



GROUP II

Yellow band

WAARSKUWINGS:**- AARTAPPELS:**

- Dien met plant toe en moet nie binne 90 dae na toediening oes nie.

- GRAANSORGHUM:

- Dien slegs met plant toe.
- Moet nie toelaat dat diere die behandelde sorghum bewei binne 10 weke na toediening nie.
- Die beheer van stronkboorder mag begin afneem binne 7 – 8 weke na toediening.

- KOOLGEWASSE:

- Dien slegs tydens uitplant toe en moet nie binne 11 weke na toediening oes nie.
- Moet nie in kultivars wat vinnig volwassenheid bereik toedien nie.
- Die beheer van ruitrugmot mag begin afneem 7 – 8 weke na toediening.

- MIELIES:

- Dien slegs tydens plant toe.
- Moet nie toelaat dat diere die behandelde mielies bewei of moet nie kuilvoer maak binne 8 weke na toediening onder normale reënvaltoestande nie. Indien droogtetoestande voorkom na toediening, skakel die naaste Makhteshim-Agan verteenwoordiger voor die plante as voer gebruik word.
- Die beheer van ruitrugmot mag begin afneem 7 – 8 weke na toediening.
- Die beheer van bladspringer (vektor van streepsiekte in mielies) mag nie voldoende wees nie en streepsiekte mag nog voorkom veral in gevoelige kultivars, veral in suikermielie-variëteite en moederteelne by saadmielies. Dit is veral die geval wanneer streepsiektedruk hoog is as gevolg van nabygeleë gasheerplante (koring, suikerriet) en mid-somer aanplantings wanneer natuurlike populasies van bladspringers hoog is en wanneer **CARBODAN 10 GR** toegedien word op gronde met 'n hoë pH.
- Toediening vir die beheer van swartmieliekewer is baie krities. Verseker dat die toediener korrek gekalibreer is en gaan die vloei van korrels gereeld na gedurende toediening. Onder toestande van hoë kewerpopulasiedruk mag gewasskade van tot 20 % of meer nog voorkom na toediening.

- SUIKERRIET:

- Dien slegs tydens plant, of in die geval van oorstaanriet binne 120 dae na oes toe.
- Tydens plant moet verseker word dat die steggies ten minste 7,5 cm onder die grondoppervlak geplaas word.
- Dien slegs een keer per siklus toe en moet nie binne 180 dae na toediening oes nie.

- **TABAK:**

- Dien slegs met plant toe en nie later as een week na plant in ligte sanderige grond nie.
- Moet nie in tabakplantjies wat uit saailaai kom toedien nie.
- Moet nie oes binne 80 dae na toediening nie.

ALGEMENE WAARSKUWINGS:

- Hanteer uiters versigtig.
- Giftig indien dit met die vel in aanraking kom, ingesluk of ingeasem word.
- Giftig vir visse, bye en wild. Om vergiftiging van voëls te voorkom moet gesorg word dat alle korrels onmiddellik met grond bedek word. Gee spesiale aandag aan die eindpunte van plantrye waar vermorsing mag voorkom.
- Stel die werknemers in kennis van die potensiële gevaar en wat om te doen indien vergiftiging sou plaasvind. Merk die behandelde gebiede met toepaslike kennisgewings.
- Verseker dat geen eetbare gewas vir minstens 100 dae binne 10 m van die behandelde gebied geplant word nie.
- Die doeltreffendheid van **CARBODAN 10 GR** kan nadelig beïnvloed word as dit in alkaliese of brak gronde of gronde met pH > 7 gebruik word.
- Moet nie **CARBODAN 10 GR** as 'n saadbehandeling gebruik nie.
- Berg agter slot en grendel en hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetredingsinterval:** Dra rubberhandskoene en rubberstewels as met behandelde grond gewerk word of as besproei word vir ten minste 30 dae na toediening.
- In geval van vergiftiging **RAADPLEEG 'n GENEESHEER EN TOON HIERDIE ETIKET AAN HOM/HAAR.**

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Vermoed kontak met die vel of inaseming van stof.
- Dra geskikte beskermende oorklere, rubberstewels en -handskoene, 'n geskikte gesigsmakser en gesigskerm wanneer die produk hanteer word. Was besoedelde klere daaglik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens hantering, toediening of voor hande en gesig gewas is nie.

- Was hande en gesig met seep en koue water na gebruik of as dit toevallig met die vel in aanraking kom.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Voorkom besoedeling van gebiede wat nie behandel moet word nie, gewasse, weiding, riviere, damme of enige ander waterbron.
- Maak die toediener deeglik skoon na gebruik en gooi die spoelwater uit waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Hou die leë sak oor die toediener se bak en skud dit uit.
- Vernietig die leë houer en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.
- Hou persone sonder beskermende klere uit die werksgebied.

Simptome van menslike vergiftiging:

Hoofpyn, vermoeidheid, flouheid, duiseligheid, oormatige sweet, mislikheid, buikpyn, braking, belemmerde gesigsvermoë, spiertrekkings, gewoonlik verkleinde pupille, asemhalingsnood, bewusteloosheid.

Noodhuldbehandeling:

- Verwyder die pasiënt van die bron van vergiftiging en stel hom gerus en hou hom rustig.
- Verwyder besoedelde klere en was besoedelde liggaamsdele met baie koue water en seep. Moet nie die vel skrop nie. Indien in oë beland het, spoel uit vir ten minste 15 minute in skoon lopende water.
- Indien ingesluk veroorsaak braking deur die agterste gedeelte van die keel te prikkel met die vinger. Herhaal die proses totdat die braaksel helder is en nie meer na gif ruik nie.
- Pas kunsmatige asemhaling of geslote hartmassering toe indien nodig. Moet nie direkte mond-tot-mond asemhaling toepas nie. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.
- Kry onmiddellik mediese aandag.

Nota aan geneesheer:

Dien atropiensulfaat 2 – 4 mg (volwassene) binnears toe. Herhaal met 10 minute tussenposes totdat atropinisasie intree (droë, gloeiende vel en tagikardie). Pralidoxime (2-PAM, Ptotopam) en ander oksieme moet nie gebruik word nie.

Weerstandswaarskuwing:

CARBODAN 10 GR is 'n groepkode 1A insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **CARBODAN 10 GR** of enige ander groepkode 1A insekdoders het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **CARBODAN 10 GR** of enige ander groepkode 1A insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met produkte in verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoderprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

Algemeen:

- 1) Dien slegs met 'n geskikte korrek gekalibreerde korreltoediener toe en gaan die lewering van korrels gereeld na tydens toediening. Die hoek van die afvoerpype van die korreltoediener moet sodanig wees dat dit 'n eweredige vry vloei van korrels in die plantvoor lewer. Verseker dat daar geen blokkasies in die afvoerpype voorkom nie deur dit gereeld te inspekteer.
- 2) Genoegsame grondvog moet teenwoordig wees om die aktiewe bestanddeel te aktiveer.
- 3) 'n Middel soos SERVUS (Reg. Nr. L 7271) moet toegedien word vir die beheer van snywurm.
- 4) Waar hoë infestasies van swartmieliekewer voorkom, mag die beheer daarvan nie voldoende wees nie.

Verenigbaarheid:

CARBODAN 10 GR moet nie met korrelkunsmis gemeng word en met dieselfde toediener toegedien word nie.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

GEWAS / PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS Swartmieliekewer (<i>Heteronychus arator</i>) Duisendpote (<i>Diploda</i> spp.)	200 g / 100 m lineêre rylengte	Beperkte beheer vir 'n beperkte periode kan vir die beheer van swartmieliekewer en duisendpote verwag word. Dien slegs met plant aan weerskante van die plantvoor toe om te verseker dat die korrels eweredig met die grond bokant die saad vermeng word. Gebruik ander geregistreerde middels vir beheer later in die seisoen. Sien die verwysing onder aartappels en mielies onder WAARSKUWINGS.
GRAANSORGHUM Valsdraadwurms (<i>Tenebrionidae</i> spp.) Aalwurms (Verskeie spp.)	100 g / 100 m lineêre rylengte 150 g / 100 m lineêre rylengte	Dien met plant in die plantvoor toe met 'n geskikte, korrek gekalibreerde korreltoediener. Sal ook aalwurms onderdruk. Sien die verwysing onder graansorghum onder WAARSKUWINGS. Dien met plant in die plantvoor toe met 'n geskikte, korrek gekalibreerde korreltoediener. Sal ook valsdraadwurm beheer en stronkboorder en swartmieliekewer onderdruk. Sien die verwysing onder graansorghum onder WAARSKUWINGS.

GEWAS / PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
Stonkboorder <i>(Busseola fusca)</i> Stammaaier <i>(Anatrichus erinaceus)</i> <i>Astylus</i> larwes Swartmieliekewer <i>(H. arator)</i>	200 g / 100 m lineêre rylengte	Dien met plant in die plantvoor toe met 'n geskikte, korrek gekalibreerde korreltoediener. Sal ook valsdraadwurm en aalwurms beheer. Indien 'n hoë druk van swartmieliekewer en <i>Astylus</i> larwes voorkom, mag die beheer daarvan nie bevredigend wees nie. Waar sulke infestaties verwag word, moet saad met 'n geskikte geregistreerde middel behandel word. Sien die verwysing onder graansorghum onder WAARSKUWINGS.
KOOLGEWASSE Ruitrugmotlarwe <i>(Plutella xylostella)</i> Bagrada-besie <i>(Bagrada hilaris)</i>	200 g / 100 m lineêre rylengte	Dien net voor uitplant in die plantvoor toe met 'n geskikte korrek gekalibreerde korreltoediener. Verseker dat die korrels eweredig in die plantvoor versprei is. Moet nie op vinnig rypwordende kultivars gebruik nie. Sien verwysings onder koolgewasse onder WAARSKUWINGS.
MIELIES en SUIKERMIELIES Valsdraadwurms <i>(Tenebrionidae spp.)</i> Mieliewortelwurm <i>(Buphonella nigroviolacea)</i> Aalwurms (Verskeie spp.) Bladspringer <i>(Cicandulina mbila)</i> Grondkalanders <i>(Protoctrophus spp.)</i> <i>Astylus</i> larwes Stronkboorder <i>(B. fusca)</i> Swartmieliekewer <i>(H. arator)</i>	100 g / 100 m lineêre rylengte 150 g / 100 m lineêre rylengte 200 g / 100 m lineêre rylengte	Dien net tydens plant in die plantvoor op die saad toe met 'n geskikte, korrek gekalibreerde korreltoediener. Sal ook aalwurm en bladspringers onderdruk. Sien verwysings onder mielies onder WAARSKUWINGS. Dien net tydens plant in die plantvoor op die saad toe met 'n geskikte, korrek gekalibreerde korreltoediener. Sal ook valsdraadwurm en meliewortelwurm beheer en stronkboorder en swartmieliekewer onderdruk. Sien verwysings onder mielies onder WAARSKUWINGS. Dien slegs tydens plant in die plantvoor op die saad toe met 'n geskikte, gekalibreerde korreltoediener. Waar hoë populasies <i>Astylus</i> larwes en swartmieliekewer voorkom, mag beheer daarvan nie bevredigend wees nie. Waar hoë populasies verwag word van bogenoemde plae, moet die saad behandel word met 'n geregistreerde middel. Valsdraadwurm, meliewortelwurm, aalwurms, bladspringers en grondkalanders sal ook beheer word deur hierdie behandeling. Sien verwysing onder mielies onder WAARSKUWINGS.
SUIKERRIET Aalwurms (Verskeie spp.)	a) Planriet: 30 kg / behandelde ha	Dien tydens plant in die plantvoor toe met 'n geskikte, korrek gekalibreerde korreltoediener. Maak die plantvoor direk toe na plant. Die toedieningshoeveelheid sal afhang van die afstand tussen rye:

GEWAS / PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
	<p>b) Oorstaanriet: 25 kg / behandelde ha</p>	<p>3 g / m lineêre ry vir 1,0 m rywydte 3,6 g / m lineêre ry vir 1,2 m rywydte 4,2 g / m lineêre ry vir 1,4 m rywydte 4,8 g / m lineêre ry vir 1,6 m rywydte</p> <p>Dien tydens plant in die plantvoor toe met 'n geskikte, korrek gekalibreerde korreltoediener in vlak vore (5 - 10 cm diep) in klam grond. Toediening kan aan een of beide kante van die plantvoor geskied. Bedek die korrels met grond. In die somer moet toediening onmiddellik na sny van riet gedoen word. In riet wat in die winter (Mei tot Augustus) gesny word, moet toediening nie later as 120 dae na sny van die riet gedoen word nie wanneer die eerste lentereën verwag word.</p> <p>Die dosis per lineêre meter plantry sal afhang van die rywydte: 2,5 g / m lineêre ry vir 1,0 m rywydte. 3,0 g / m lineêre ry vir 1,2 m rywydte. 3,5 g / m lineêre ry vir 1,4 m rywydte. 4,0 g / m lineêre ry vir 1,6 m rywydte. Sien die verwysing onder suikerriet onder WAARSKUWINGS.</p>
<p>ORIËNTALE TABAK (Slegs Wes-Kaap) Blaaspootjie (<i>Thrips tabacii</i>)</p> <p>TABAK Amerikaanse bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>200 g / 100 m lineêre rylengte</p> <p>200 g / 100 m lineêre rylengte</p>	<p>Dien tydens uitplant in die plantvoor of direk na uitplant in 'n strook ± 8 cm breed oor die plante toe met 'n geskikte korrek gekalibreerde korreltoediener. In sanderige gronde word voorkeur gegee om oor die plantry toe te dien mits die aktiewe bestanddeel in die grond deur reën of besproeiing geloog kan word. Moet nie op plantjies afkomstig van saailaai gebruik nie. Knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spp.) sal ook onderdruk word. Sien die verwysings onder tabak onder WAARSKUWINGS.</p> <p>Dien tydens uitplant in die plantvoor toe met 'n geskikte, korrek gekalibreerde korreltoediener. Moet nie in plantjies afkomstig van saailaai gebruik nie. Sal Amerikaanse bolwurm vir 'n na uitplant tydperk van 6 - 7 weke beheer. Sal knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spp.) onderdruk. Sien die verwysings onder tabak onder WAARSKUWINGS.</p>

WARNINGS:

- **CABBAGES:**

- Apply only at planting time and do not harvest cabbages within 11 weeks after application.
- Do not use on quick maturing cultivars.
- Control of Diamond back moth may start declining within 7 – 8 weeks after application.

- **GRAIN SORGHUM:**

- Apply only at planting time.
- Do not allow animals to feed on treated sorghum plants within 10 weeks of application.
- Control of stalkborer may start declining 7 – 8 weeks after application.

- **MAIZE:**

- Apply only at planting time.
- Do not allow animals to feed on treated maize or make silage within 8 weeks after application under normal rainfall conditions. Should drought conditions prevail after application contact your nearest Makhteshim-Agan representative before using the plants as a fodder.
- Control of stalkborer may start declining 7 – 8 weeks after application.
- Leafhopper (vector of streak disease in maize) control may not be adequate and streak disease may occur especially on susceptible cultivars, particularly sweetcorn varieties and parent breeding lines in seed maize. This is particularly so when streak disease pressure is high as a result of close proximity of host plants (wheat, sugarcane) and mid-summer planting when natural populations of leafhoppers are high and **CARBODAN 10 GR** is used in soils of high pH.
- Application for black maize beetle is extremely critical. Ensure applicator is correctly calibrated and flow of granules checked regularly during application. Under conditions of high beetle population pressure up to 20 % and more damage of plants may still occur after treatment.

- **POTATOES:**

- Apply only at planting time and do not harvest within 90 days after application.

- **SUGARCANE:**

- Apply only at planting time or apply on ratoon cane within 120 days after cutting previous crop.
- At planting make sure that sets are placed at least 7,5 cm beneath the soil surface.
- Apply only once per crop and allow at least 180 days between application and harvest.

- **TOBACCO:**

- Apply only at planting and not later than one week after planting in light sandy soil.
- Do not apply on transplants which were grown in seed trays.
- Do not harvest within 80 days after application.

GENERAL WARNINGS:

- Handle with extreme care.
- Poisonous if it comes into contact with the skin, swallowed or inhaled.
- Toxic to fish, bees and wildlife. To prevent poisoning of birds, ensure that all granules are immediately covered by soil. Take special precautions at the end of planting rows where spillage may occur.
- Inform labour force of the potential danger of the product and give full instruction what to do in the case of poisoning. Mark treated areas with appropriate signs.
- Ensure that no edible crop is planted within 100 days within 10 m from the treated area.
- The efficacy of **CARBODAN 10 GR** can be adversely affected when used in alkaline or brackish soils with a pH > 7.
- Do not use **CARBODAN 10 GR** as a seed treatment.
- Keep under lock and key and out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry interval:** Wear rubber gloves and boots when working with treated soil or irrigating, for at least 30 days after application.
- In case of poisoning CALL A DOCTOR AND MAKE THIS LABEL AVAILABLE TO HIM/HER.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the pest to the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS:

- Avoid skin contact and the inhalation of dust.
- Wear suitable protective clothing, rubber boots and gloves, a suitable respirator and face shield when handling the product. Wash contaminated clothing daily.
- Do not eat, drink or smoke during handling, applying or before washing hands and face.
- Wash hands and face with soap and cold water after use or in case of accidental skin contact.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

- Prevent contamination of areas that are not under treatment, crops, grazing, rivers, dams or any other water source.
- Clean applicator thoroughly after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers or dams.
- Empty container completely by shaking it over the applicator's hopper.
- Destroy the empty container and do not re-use for any other purpose.
- Keep unprotected persons away from operating area.

Symptoms of human poisoning:

Headache, fatigue, faintness, giddiness, excessive sweating, nausea, abdominal pain, vomiting, blurred vision, muscle twitching, usually small pupils, respiratory distress and coma.

First aid treatment:

- Remove patient from source of poisoning and keep patient quiet and reassured.
- Remove contaminated clothing and wash contaminated body area with plenty of cold water and soap. Do not rub skin. If in eyes rinse out for at least 15 minutes in clean running water.
- If swallowed induce vomiting by tickling the back part of the throat. Repeat until vomit is clear and free from smell of poison.
- Administer artificial respiration or closed cardiac massage if necessary. Do not apply direct mouth-to-mouth respiration. Never give anything by mouth to an unconscious person.
- Get medical attention immediately.

Note to physician:

Give atropine sulphate 2 – 4 mg (adult) applied intravenously, repeated by 10 minute intervals until atropinization (dry, flushed skin and tachycardia) appears. Pralidoxime (2-PAM, Protopam) and other oximes are contra-indicated.

Resistance warning:

For resistance management, **CARBODAN 10 GR** is a group code 1A insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **CARBODAN 10 GR** and other group code 1A insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **CARBODAN 10 GR** or any other group code 1A insecticide.

To delay insecticide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of insecticides from the same insecticide group code. Alternate with products from different insecticide group codes.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE: Use only as indicated.

General:

- 1) Apply only by using a correctly calibrated granular applicator. Check delivery of granules several times during application. The downpipes of the applicator should be set at an angle which ensures a free, even flow of granules into the plant furrow. To avoid blockages regular checks should be made.
- 2) Sufficient soil moisture must be present to activate the active ingredient.
- 3) A remedy like SERVUS (Reg. No. L 7271) should be applied for the control of cutworm.
- 4) Under conditions of high pressure, black maize beetle might not be controlled sufficiently.

Compatibility:

CARBODAN 10 GR should not be mixed with granular fertilizer and applied with the same applicator.

APPLICATION RATES:

CROP / PEST	DOSAGE	REMARKS
CABBAGE Diamond back moth larvae (<i>Plutella xylostella</i>) Bagrada bug (<i>Bagrada hilaris</i>)	200 g / 100 m linear row	Apply immediately before transplanting with a correctly calibrated granular applicator. Ensure that the granules are distributed evenly in the plant furrow. Do not use on quick maturing varieties. Refer to section under Cabbages under WARNINGS.
GRAIN SORGHUM False wire worms (<i>Tenebrionidae</i> spp.)	100 g / 100 m linear row	Apply at planting in the plant furrow with a correctly calibrated granular applicator. Will also suppress nematodes. Refer to section under grain sorghum under "WARNINGS"
Nematodes (Various spp.)	150 g / 100 m linear row	Apply at planting in the plant furrow with a correctly calibrated granular applicator. Will also control false wire worm and suppress stalk borer and black maize beetle. Refer to section under grain sorghum under "WARNINGS".
Stalkborer (<i>Busseola fusca</i>) Shootfly (<i>Anatrichus erinaceus</i>) <i>Astylus</i> larvae Black maize beetle (<i>Heteronychus arator</i>)	200 g / 100 m linear row	Apply at planting in the plant furrow by means of a correctly calibrated granular applicator. Will also control false wire worm and nematodes. Under conditions of high infestation levels black maize beetle and <i>Astylus</i> , control might not be sufficient. Where high infestations are expected, seed should be treated with a suitable registered remedy. Refer to section under grain sorghum under "WARNINGS"

CROP / PEST	DOSAGE	REMARKS
<p>MAIZE and SWEETCORN False wire worms (<i>Tenebrionidae</i> spp.) Maize rootworm (<i>Buphonella nigroviolacea</i>)</p> <p>Nematodes (Various spp.) Leafhopper (<i>Cicadulina mbila</i>) Ground weevils (<i>Protoctrophus</i> spp.)</p> <p><i>Astylus</i> larvae Stalk borer (<i>B. fusca</i>) Black maize beetle (<i>H. arator</i>)</p>	<p>100 g / 100 m linear row</p> <p>150 g / 100 m linear row</p> <p>200 g / 100 m linear row</p>	<p>Apply only at planting in the plant furrow onto seed by means of a correctly calibrated granular applicator. Will also suppress nematodes and leafhopper. Refer to section under Maize under “WARNINGS”</p> <p>Apply only at planting in the plant furrow onto seed by means of a correctly calibrated granular applicator. Will also control false wire worm and maize root worm and suppress stalk borer and black maize beetle. Refer to section under maize under WARNINGS.</p> <p>Apply only at planting in the plant furrow onto seed by means of a correctly calibrated granular applicator. Under conditions of high population pressure of <i>Astylus</i> larvae and black maize beetle, control might not be sufficient. Where high infection pressures of the above mentioned pests are expected, the seed should be treated with a registered remedy. False wire worm, maize root worm, nematodes, leafhoppers and ground weevils will be controlled by this treatment. Refer to section under maize under “WARNINGS”</p>
<p>POTATOES Black maize beetle (<i>H. arator</i>) Millipedes (<i>Diploda</i> spp.)</p>	<p>200 g / 100 m linear row</p>	<p>Limited control for a limited period of time can be expected for the control of black maize beetle and Millipedes. Apply only at planting on both sides of the plant furrow to ensure thorough mixing of the granules with the soil above the seed. Use other registered chemicals for further control later in the season. Refer to section under potatoes and maize under WARNINGS.</p>
<p>SUGAR CANE Nematodes (Various spp.)</p>	<p>a) Plant cane: 30 kg / treated ha</p> <p>b) Ratoon cane: 25 kg / treated ha</p>	<p>Apply at planting in the plant furrow by means of a suitable correctly calibrated granular applicator. Cover furrow immediately after planting. The rate per linear meter plant row depends on the row spacing: 3,0 g / m linear row for 1,0 m spacing 3,6 g / m linear row for 1,2 m spacing 4,2 g / m linear row for 1,4 m spacing 4,8 g / m linear row for 1,6 m spacing</p> <p>Apply by means of a suitable correctly calibrated granular applicator in a shallow furrow (5 - 10 cm deep) in moist soil to one or both sides of the furrow.</p>

CROP / PEST	DOSAGE	REMARKS
		<p>Cover granules with soil. Application should take place in summer immediately after cutting the crop while in crops cut in winter (May to August), application should take place not later than 120 days after cutting the crop when the first spring rain is expected.</p> <p>The rate per linear meter plant row depends on the row spacing: 2,5 g / m linear row for 1,0 m spacing. 3,0 g / m linear row for 1,2 m spacing. 3,5 g / m linear row for 1,4 m spacing. 4,0 g / m linear row for 1,6 m spacing. Refer to section under sugarcane under WARNINGS.</p>
<p>ORIENTAL TOBACCO (Western Cape only) Thrip (<i>Thrips tabacii</i>)</p> <p>TOBACCO American bollworm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>200 g / 100 m linear row</p> <p>200 g / 100 m linear row</p>	<p>Apply at transplanting in the plant furrow or immediately after planting in a band \pm 8 cm wide over the plants by means of a suitable correctly calibrated granular applicator. Where sandy soils occur preference is given to applying over the plant row provided the active ingredient is leached into the soil by rain or overhead irrigation. Do not use on transplants from seed trays. Root knot nematodes (<i>Meloidogyne</i> spp.) will also be suppressed. Refer to section under tobacco under WARNINGS.</p> <p>Apply at transplant in the plant furrow by means of a suitable correctly calibrated granular applicator. Do not use on transplants from seed trays. Will control bollworm for a period of up to 6 - 7 weeks after planting. Will suppress root knot nematodes (<i>Meloidogyne</i> spp.) Refer to WARNINGS in the tobacco section.</p>